

## **A2 – Die wese van die erediens**

### **Ad Hoc Kommissie: Insake die wese van die erediens**

#### **Die Kerkraad van die Gereformeerde Kerk die Kandelaar**

**Opdrag:** Die doel van die erediens.

**Inleiding:** Wat is 'n erediens? Beter gestel; wat is 'n gereformeerde erediens? 'n Paar jaar terug sou hierdie vraag nie nodig gewees het nie maar met die tyd word die kerk (liggaam van Christus) gekonfronteer met soms uiters moeilike kwessies waarop die profetiese stem nie stil mag wees nie. Dit is veral wanneer daar van die kerk gepraat word dat die gesprek sy klimaks kry wanneer dit by die erediens kom. Die rede is sekerlik voor die hand liggend – dit is waar die Ekklesia bymekaar kom om in die teenwoordigheid van die Here te wees in gehoorsaamheid van Hom wat ons daarheen roep. Hierdie studie sal niks nuut vervat nie maar ons in wese net terug neem na ou waarhede en verstaansbegrippe soos deur die jare heen beredeneer.

Midde die pandemie (Covid – 19) waarin die kerk homself bevind en met die beprekinge wat aan die kerk gestel is, het dit die Gereformeerde Kerk Die kandelaar genoop om die vraag weer te vra: Wat is 'n gereformeerde erediens? Wanneer 'n mens die sosiale media dophou is dit duidelik dat daar geweldige verwarring bestaan rakende die essensie van 'n gereformeerde erediens. Wanneer is dit dus 'n erediens en of wanneer is dit slegs 'n uitsaai diens? Is daar 'n verskil? Dit is nou byna honderd jaar gelede dat A. Kuyper sy waardevolle boek oor die erediens begin met 'n klag. Hy verwoord die gevoelens van vele ander oor die besef van wat die Christelike erediens is of beter gesê behoort te wees: "Jarenlang heerschte op dit punt grenzenlooze verwarring, ..." (Kuyper 1911 :7).

Om as kerk reformatories te wees is dit tog belangrik om na die ontstaansgeskiedenis van die gereformeerde erediens te gaan kyk. Dit is hier waar Bekker se benadering "Historiese afkoms van die gereformeerde erediens<sup>1</sup>" aan die orde kom.

### **1. Die historiese afkoms van die gereformeerde erediens.**

---

<sup>1</sup> DIE BELEWING VAN GOD SE TEENWOORDIGHEID IN DIE EREDIENS. Bakker. T.N

Tereg skryf Barnard dat "*die ontstaan en ontwikkeling van die Gereformeerde erediens mag nooit as In geïsoleerde gebeure gesien word wat erens op sy eie plaasgevind het nie*" (Barnard 1981:291). In 'n poging om die vraag na 'n gereformeerde erediens te beantwoord moet in gedagte gehou word dat die Reformatoriese beweging 'n groot invloed uitgeoefen op die ontstaan en ontwikkeling van die gereformeerde erediens.

Veral die volgende aspekte (vgl. Barnard 1981:291-292) het 'n groot invloed gehad op die ontstaan en ontwikkeling van die gereformeerde erediens:

- die Christelike humaniste.
- Luther se geskrifte en veral sy kritiek teen die Roomse mis (Bv. sy liturgie "Deutsche Messe" (1526) en die geskrif: "Von Ordnung Gottesdienstes in der Gemeinde" (1523), waarin hy sy beginsels vir die erediens aangegee het).
- Verskeie voorbeelde van In evangeliese Duitse mis, deur Karlstadt (1521), Kaspar Kantz (1522), e.a., wat voor Luther se Iiturgie ontstaan het, en deel was van die agtergrond van die hervorming te ZOrich en te Straatsburg.
- Zwingli se worsteling in sy geskrifte oor die erediens (veral "De canone missae epichiresis" - 1523) ten opsigte van die evangeliese erediens as vervanging van die mis.
- Leo Juda, die troue vriend en medewerker van Zwingli in ZOrich het op versoek van Zwingli formuleer opgestel vir die doop, huwelik en begrafnis. Sy "TaufbOchlein" verskyn in 1523.
- Johannes Oecolampadius te Basel. In 1523 verskyn sy "Das Testament Jesu Christi". Dit is egter nie in liturgie nie, maar slegs in voorgestelde liturgie - dit is 'n in evangeliese sin gereinigde misformulier in Duits.

Dit is die elemente wat 'n invloed gehad het op die ontstaan en ontwikkeling van die gereformeerde erediens.

### **1.1 Die ontstaan van die gereformeerde erediens.**

Wat die ontstaan betref; In ongeveer 1523, te Straatsburg, was daar 'n aantal Reformatoriese predikers wat die Reformatoriese saad gesaai met hul prediking. Predikers soos: Johann Geiler, Mattaus Zell, Wolfgang Capito, Casper Heidio, Theobald Schwarz en Martin Bucer.

Die gereformeerde erediens het sy ontstaan en oorsprong te danke aan Theobald Schwarz toe hy op Dinsdag, 16 Februarie 1524, 'n gewysigde Duitse mis in die Johannes die Doperkapel van die katedraal St. Laurence gehou het. 'n gewysigde (gereinigde) Duitse mis gehou. Op 19 Februarie 1524, drie dae later, in die St. Thomaskerk, is so 'n mis deur Firn herhaal.

Dit wat die hupstoot vir die vinnige ontwikkeling van 'n eie gereformeerde tipe Liturgie vir die erediens. Dit het ook as model gedien vir die liturgie van Calvyn te Genève. Die inhoud en vorm van Schwarz se Duitse mis was meer as net 'n ingrypende vertaling en wysiging van die geldende Roomse mis. Alhoewel Schwarz die struktuur en ou seremonies (soos die liturgiese klere, die opheffing van die elemente (elevasie), ens.) behou het, was daar tog merkwaardige veranderings aan die mis deur Schwarz aangebring, nl.:

- Al die verwysings na die offerkarakter van die mis word sorgvuldig uitgelaat en ons het 'n nuwe kanon, maar wat nog steeds die essensiele gedeeltes van die eucharistiese gebed bevat.
- Al die verwysings na die heiliges of die diens en verering van die maagd Maria word vermy.
- Die hele diens word in die landstaal en hoorbaar gesê. In plaas van die onbegryplike Latyn, kon die gemeente alles in hulle landstaal, Duits, hoor en dus verstaan. Verder is die hele diens met 'n duidelik hoorbare stem gesê, en dus nie saggies gesê of gesing nie. Ons kan ons haas nie voorstel wat hierdie verandering destyds vir die gemeente moes beteken het nie. Hoewel dus die meeste seremonies behou is, was die mense nou nie meer daarvan afhanklik om die diens te kon volg nie, want dit kon hulle self verstaan.

- Die confiteor wat in die mis gesê is as 'n private bieg van die priester, word nou 'n openbare skuldbelydenis. Van die "Breviarium Argentinese" neem Schwarz die confiteor oor, wysig dit effens en laat dit deur die gemeente hardop as 'n algemene skuldbelydenis se. Hy noem dit "Die gemeine Beicht" en voeg daaraan toe die absolusie, wat egter uit slegs 1 Tim. 1 :15 bestaan het en waarby die priester gevoeg het: "Mag God genade met ons hê en ons seën. Amen."
- Die beide tekens van die nagmaal, die brood en die wyn, word aan die kerkvolk gegee.
- Schwarz staan met sy gesig in plaas met sy rug na die gemeente terwyl hy die hele diens lei. [Vgl. Barnard, 1981:294]

Uit bogenoemde kan duidelike kenmerke gesien word wat ooreenstem met die gereformeerde erediens, maar die mees belangrikste kenmerke van die gereformeerde erediens, naamlik die preek en die gemeentelike sang, ontbreek egter nog.

Hierdie orde van Schwarz word in 1524 gepubliseer onder die naam "Die Teutsche Mess", waarna nog vyf verdere uitgawes verskyn in dieselfde jaar verskyn. Alhoewel daar in elkeen van die uitgawes verder geskaaf is aan die orde van Schwarz het die preek nog ontbreek. Veranderings wat aangebring was, was o.a. die vermindering van die seremonies, die voorsiening van alternatiewe gebede, 'n keuse van twee post-kommunies. Gemeentelike sang in die erediens word eers in die derde en vierde uitgawe gevind.

Martin Bucer, wat in Mei 1523 as verbanne, gewese priester Weisenburg verlaat het, sluit hom aan by Schwarz in Straatsburg. Schwarz se optrede inspireer Bucer om 'n geprogrammeerde geskrif oor die vernuwing van die erediens op te stel en word in 1524, kort na Schwarz se eerste evangeliese Duitse mis, gepubliseer met die titel: "Grund und Ursach". Hierdie geskrif word een van die belangrikste dokumente vir die verstaan van die liturgie van die 16e eeu.

In 1526 word 'n verdere ses uitgawes van Schwarz se Duitse mis gedruk. Ook hierin word die invloed van Martin Bucer al duidelik sigbaar en kan duidelik gesien word hoedat sy beginsels geleidelik begin deurwerk, en die mis van Schwarz verder wysig.

Martin Bucer se beskouinge oor die erediens vervat in "Grund und Ursach", handel oor die verskillende fasette van die erediens. Alhoewel heelwat kritiek teen die mis uitspreek, deel hy die oerkritiek van al die ander reformatore, naamlik: teen die siening van die mis as 'n offer.

Alhoewel hy later die struktuur van die mis prysgee, het hy die struktuur van die Roomse mis eers behou, dit gewysig en ingerig vanuit die evangeliese insigte. Bucer gee dan ook voorstelle aan die hand hoe die erediens herstel kan word volgens die ou, ware vorm. Hy dui dan ook vier belangrike beginsels aan hoe dit gedoen kan word:

- Die beginsel van die Skrif Met betrekking tot die wese en inrigting van die erediens dui hy telkens aan dat die erediens 'n "Godwelgevallige diens is wat Hy self in ons werk deur die Heilige Gees" (Barnard 1981:296). In alles, moet daar aan die helder, duidelike verklarings van die Skrif - wat die gesag en outoriteit is - vasgehou word. "Met die gesag van die Skrif hang ten nouste vir Bucer saam die besondere betekenis van die prediking. Die prediking is vir hom die grondliggende, die konstitutiewe element van die erediens. Ware aanbidding vind plaas waar die Woord uitgaan na die kerk en die kerk sy antwoord van gebed en lofprysings aan God bied. Die feit dat die Skrif as norm geneem is, het ook die wyse van spreek en van die gebed al meer be"invloed" (Barnard 1981:296)
- Die werk van die Heilige Gees. Bucer Ie swaar klem op die besondere werk van die Heilige Gees in die erediens, daar dan die rede hoekom hy teen die menigte seremonies is. Dit is tog immers die Heilige Gees wat die lewende Woord van God, via die prediking, 'n lewende werklikheid maak en die hart van die mens ontvanklik maak daarvoor. Dit is ook die werk van die Heilige Gees wat die mens tot geloof gebring en die mens "bring om te antwoord en tot 'n nuwe lewe van aanbidding en diens te stel" (Barnard 1981:297)

- Die gemeente as die nuwe gemeenskap. Vir Bucer is die hele gemeente 'n gemeenskap van die liefde. Hiermee beklemtoon hy die priesterskap van die gelowiges, asook die eis vir die eenvoud van die erediens, sodat elke gelowige kan deelneem aan die erediens. Daarom mag daar in die erediens niks gese of gedoen of gesing word wat nie deur almal verstaan word nie. "Bucer beklemtoon die groot verantwoordelikheid teenoor die naaste om hom ook na Christus en tot aanbidding te bring. Hy vra: 'Hy wat nie sy broeder liefhet nie, hoe kan hy God verheerlik?'" (Barnard 1981 :297).
- Die Christelike vryheid. As 'n reaksie teen die vaste voorgeskrewe liturgie van die Roomse mis, is die vryheid van die Christene 'n "uitvloeisel van Bucer se beskouing van die teenwoordigheid van en die werking deur die Heilige Gees, in die persone wat aanbid" (Barnard 1981:297). Sodoende kon enige Iidmaat sonder verhinderende die Here loof, prys en aanbid.

Die belangrikste kenmerke van Bucer se erediens wat Hy in Straatsburg daargestel het, is soos volg:

- Terme in die erediens verander:
  - In plaas van die "mis" word gepraat van die "maaltyd van die Here".
  - In plaas van "altaar" word gepraat van die "tafel van die Here".
  - In plaas van "priester", word gepraat van "dienaar" of "predikant".
- Die instelingswoorde word in ooreenstemming gebring met die teks van die Nuwe Testament.
- Die baie seremonies wat die mis gekenmerk het, is drasties ingekort.
- In Groeiende betekenis word toegeken aan die gemeentesang. Die psalms kry groter aksent. In plaas daarvan dat slegs enkele verse gesing word, word die psalms in hulle geheel gesing.
- Die bekende misgesange soos die sanctus, benedictus en die kyrie eleison, verdwyn met die uitgawe "Psalme gebett und Kirchenubung", 1526, en die gloria mag vervang word deur die sing van In psalm.
- In plaas van die gebruik van die voorgeskrewe perikope in die erediens, word gepreek aan die hand van In deurlopende lesing van die bepaalde boek van die

Skrif - die lectio continua. Die perikope is gebaseer op die kerklike jaar en met die loslating daarvan, verloor die kerklike jaar sy krag. Die prediking volgens die lectio continua is stellig gestimuleer deur die praktyk van Zürich en Basel.

- Die collecta wat ook op die kerklike jaar gebaseer is, is vervang deur die gebed om die verligting. In die geheel is gebreek met die strenge orde van die kerklike jaar van die Roomse mis.
- Die preek word 'n volwaardige deel van die erediens, ja 'n sentrale deel daarvan, en nie meer slegs 'n aanhangsel soos by die mis nie.
- Die Nagmaalsviering is beskou as 'n tweede deel van die erediens, na die Woordbediening, en is daarmee saam as 'n eenheid beskou.
- Die sakrament bediening word voorafgegaan deur 'n breë onderrig ten dienste van die gemeente, omdat die handeling by die doop en nagmaal slegs tot geloof kan sterk wanneer die gemeente die sin daarvan verstaan. Hier lê die oorsprong van die didaktiese karakter van die Gereformeerde sakrament formuliere.
- Alle vorms van dialoog tussen die dienaar en die volk verdwyn, asook die liturgiese response en die keuringe van die volk na die altaar.
- Waar Bucer aan die begin nog aan die struktuur van die mis vasgehou het, het hy in sy latere ordes van Straatsburg daarvan wegbeweeg.
- Sonde belydenis en absolusie staan aan die begin van die diens.
- Die erediens te Straatsburg was wat oorsprong en struktuur betref, In kombinasie uit die pronasus en die mis.
- Nie slegs vir die Woord- en Nagmaalsdienste het Bucer 'n orde gehad nie, maar ook In orde vir die huwelik, doop, begrafnis en vir die leiding by siekebesoek. (Bogenoemde is aangehaal uit Barnard 1981 :298).

Bucer het in 'n wye kring erkenning geniet. Nie net het dit die invloed van die liturgie van Straatsburg verhoog nie, maar het laasgenoemde die sentrum van liturgiese hersiening geword met Bucer in 'n uitvoerende posisie. Sleutelpersone soos Johannes Calvyn, Valerandus Poullain, Casper Olevianus, en andere, is deur Bucer en sy Straatsburg liturgie beïnvloed, en daarmee die verdere gang van die gereformeerde liturgie. Die invloed van Straatsburg (asook Luther en Zwingli) het ook oorgespoel na

Basel. Laasgenoemde was dan ook 'n belangrike kweekplek van die Reformatoriese denke. Johannes Oecolampadius, leraar van die St. Martinkerk, het hier leiding geneem. Ook hier was 'n soeke na 'n oorspronklike suiwer Christelike diens. Oecolampadius wyk so 'n bietjie af van die Straatsburg orde en die liturgie van Zwingli. Hy rig die erediens in vanuit die pronaus (die preekdiens) deur die apostolicum, die algemene gebed, die Onse Vader en die openbare skuldbelydenis en absolusie uit die pronaus oor te neem, en voeg dan die Skriflesing, instellings woorde en Onse Vader by.

"Hierdie was egter nie die amptelike liturgie van die stad Basel nie, want dit was nog Rooms. Dit vind plaas naas die mis as In nuwe, evangeliese Nagmaalsviering, en wel binne die kring van In aantal persone rondom Oecolampadius in die St. Martinkerk" (Barnard 1981:300).

Anders as Straatsburg en Basel wat 'n hoe peil van Christelike kultuur bereik het wat die weg vir die reformasie voorberei het, was Genève nie voorbereid vir die morele, opvoedkundige en liturgiese eise wat so 'n besluit meebring nie. Eers na Farel se aankoms in 1533 is die eerste evangeliese diens in Genève gehou, en sodoende die begin van die reformasie van die erediens in Genève ingelei.

Dit was eers na meer as 'n jaar, op 4 (of 8) Augustus, 1535, toe Farel deur 'n entoesiastiese skare, na die St. Pierre-katedraal, weggedra is om aldaar te preek, dat die reformasie van die erediens in Genève deurgebreek het. Daarna het daar 'n paar radikale dinge plaasgevind wat die hele reformasie van die erediens onkeerbaar gemaak het, nl.:

*"Nog op dieselfde dag is die beelde in die katedraal neergehaal. Dieselfde het die volgende dag gebeur met die beelde in die orige kerke. Die Raad van Genève besluit op die voorlopige opskorting van die mis. Nadat aan die Roomse geestelikes die geleentheid gegee is om hulle te verweer, is die besluit op 29 Nov. bekragtig. Op 21 Mei 1536 is deur die volksvergadering plegtig verklaar en gesweer "om met die hulp van God te leef in die heilige wet van die evangelie en die Woord van God... en afstand*



*te doen van aile misse en ander pouslike seremonies en misstande, beelde en bygelowighede ..." So het die reformasie al hier 'n werklikheid geword. Nou kon die opbou van die gemeente in Reformatoriese gees ter hand geneem word" (Barnard 1981:310).*

'n Paar weke nadat Genève amptelik die reformasie aanvaar het, het Johannes Calvyn in die stad aangekom. Onwetend wat sy aankoms in Genève vir hom alles gaan inhou, was hy eintlik van plan om net die nag oor te bly en dan verder te reis. Farel, wat van Calvyn se aankom te hore gekom het, het besef dat Calvyn hom kan help om die reformasie deur te voer. Alhoewel Calvyn nie in Genève wou bly nie, het Farel hom oorreed om in Genève aan te bly. So het Calvyn dan begin om, deur sy werk, 'n onskatbare bydrae tot die vernuwing van die erediens te maak.

Om die gemeente en die erediens op te knap, spring Calvyn en Farel aan die werk en stel hulle, hulle bekende artikels, naamlik die: "Articles conernant l'organisation de l'eglise et du culte a Geneve ..." op, en word op 16 Januarie 1537 aan die Raad voorgelê. In hierdie artikels stel Calvyn en Farel die volgende vier beginsels :

- Die nagmaal moet sy regmatige plek in die weeklikse viering op die dag van die Here verkry. Hulle besef egter dat die peil van die geloofslewe van die volk nog te laag is vir die weeklikse viering. Hulle beveel daarom aan dat dit in die verskillende kerkgeboue minstens een maal per maand gevier word, en wel so dat die nagmaal in ten minste een kerk elke Sondag gevier word.
- Die nagmaal mag nie in verval raak deurdat dit aan mense gebied word wat nie daarop voorbereid is nie, en daarom die eis dat kerklike dissipline ingestel word, en dat onboetvaardiges weggewys word.
- Hulle wil iets in die erediens inbring om die plek in te neem van die kategumenaat van die vroeë kerk.
- Hulle spreek hulle uit ten gunste van die ontwikkeling van die gemeentesang, en dan veral die psalms. (Vgl. Barnard 1981:311).

Vir 'n tyd lank het dit goed gegaan met die vordering van die organisasie van die gemeente en die eredienste. Daar het egter 'n groeiende teenstand teen Calvyn en

Farel ontstaan, en in 1538 word beide deur die Raad uit Genève verban, met die gevolg dat die eens bloeiende en belowende werk van die reformatie in Genève ten opsigte van die erediens en van die kerklike lewe, feitlike tot 'n stilstand gekom het.

Vir eers swerf Calvyn op 'n paar plekke rond alvorens hy gehoor gee aan die herhaalde pleidooie van Martin Bucer om na Straatsburg te gaan. Met sy aankoms in Straatsburg ontvang Calvyn 'n tweeledige taak: om as leraar die klein Franse gemeente te bedien, en om as lektor in die Bybel les te gee aan die akademiese gimnasium. Deur studie, deur die verantwoordelikheid vir die gemeente en deur die kontak met die goed ontwikkelde liturgie van die reformatie hier te Straatsburg, het Calvyn se insigte verdiep en verryk.

'n Paar jaar later is Calvyn deur die Raad van Genève versoek om na hierdie stad terug te keer. Op 13 Oktober 1541 word hy met groot entoesiasme terug ontvang in Genève. Calvyn spring dadelik aan die werk en begin die gemeente weer van vooraf organiseer en opbou. Kort na sy aankoms aldaar publiseer Calvyn 'n eie liturgie (wat 'n liedboek insluit) Genève, nl.: "*La forme des prieres et ecclesiastiques*" ("Die vorm van die gebed en die kerklike sang"). Aangesien Genève nog nie so 'n lang liturgiese tradisie soos Straatsburg gehad het nie, het Calvyn die liturgie van Straatsburg aangepas en verander om aan te pas by die omstandighede van Genève.

## **1.2 Die oorsprong van die gereformeerde erediens.**

Die oorsprong van die gereformeerde erediens kan, volgens Barnard (1981:327 e.v.), gesoek word in:

(a) Die Roomse mis wat gereinig is van al die verskillende elemente wat vir die reformatore onaanvaarbaar was. Daar is egter verskillende nuanserings van hierdie standpunt, t.w.

- W. D. Maxwell sa dat alhoewel baie aan die mis verander het, het die grondstrukture egter behou gebly.

- G. J. van de Poll en J. H. N. Nichols is weer van mening dat die gereformeerde erediens slegs die groot lyne van die mis volg.

"Dat die struktuur van die mis behou is, is waar van die Lutherse diens" (Barnard 1981:327). Zwingli en Bucer het wel die mis gesuiwer ten opsigte van die elemente wat in stryd met die Skrif was, maar beide het later van die mis weg beweeg. Interessant dat by Calvyn geen struktuur van die mis te vinde is nie.

"Die groot verskil is egter dat die Gereformeerdes aan die erediens 'n heel ander middelpunt gee as die mis en in ander siening het van die funksie daarvan, en dit maak alles anders, ook die elemente wat oorgeneem word" (Barnard 1981:328).

(b) Die pronaus (prone), oorgesetsynde, die laat Middeleeuse preekdiens, soos wat dit aan die reformatore bekend was. Alhoewel hier ook verskillende nuanserings van hierdie standpunt is, blyk dit tog dat daar 'n oor-en-weer beïnvloeding van die verskillende reformatore was, o.a. Bucer, Zwingli, Farel, Calvyn, e.a.).

Dat die voorbeeld en die elemente uit die pronaus 'n belangrike rol gespeel het in die oorsprong van die gereformeerde erediens, is nie te betwyfel nie. Opvallend is die feit dat die elemente wat uit die pronaus oorgeneem is en 'n wesentlike deel van die gereformeerde erediens geword het, was hierdie elemente slegs 'n aanhangsel in die pronaus diens. "Waar die elemente in die pronaus 'n aantal kategetiese stukke in die diens was, het dit in die gereformeerde erediens 'n liturgiese betekenis verkry en het dit 'n nuwe betekenis verkry waar dit deel geword het van die nuwe siening van die erediens" (Barnard 1981:328).

(c) Die nuwe skepping van die erediens. Sommige ondersoekers, soos Ebrard, Wolff, Albrecht, Sprott en Mahrenholz, Nagel, e.a., is van mening dat die reformatore nie aangesluit het by enige bestaande vorm van erediens nie, maar dat dit 'n nuwe, selfstandige skepping was, en dat die Woord van God wat in die prediking uitgelê word, aan die erediens sy bepaalde gestalte gee. Ander ondersoekers soos Nichols en Schmidt-Clausing beweer egter dat Zwingli se vorm en liturgie van die erediens, veral

ten opsigte van die Nagmaalsdiens, 'n nuwe skepping was, alhoewel hy nie aan die inhoud van die erediens verander het nie.

Daar moet egter gelet word dat waar elemente van die erediens in 'n ander orde en verhouding gestel word, dit 'n nuwe teologiese betekenis uitdruk. In die sin het Zwingli, Calvyn en andere nuut geskep. "Die nuwe is veral daarin geleë dat die hele diens vanuit 'n nuwe middelpunt, die regverdiging uit die geloof deur genade, en vanuit 'n ander Blykpunt, naamlik as 'n gesprek tussen God en sy volk, gesien en ingerig is" (Barnard 1981:329).

Vanuit die bogenoemde drie standpunte kan die volgende afleidings oor die oorsprong van die gereformeerde erediens gemaak word:

- dit groei uit die gegewe situasie van die mis wat drasties hersien word.
- dit word beïnvloed deur die voorbeeld van die pronas.
- dit is getoets aan die beginsels van die Skrif, hervorm en vernuwe, en alhoewel dit tekens van ooreenkoms met ander bestaande dienste vertoon, is dit veral die inhoud en die gees wat die heeltemal nuut maak en kan ons met reg daarvan praat as 'n nuwe skepping.

"Die verskillende lyne van ontwikkeling van die Gereformeerde erediens loop saam in Calvyn .... In 'n sekere sin kom die Gereformeerde erediens in die sestiende eeu by Calvyn tot 'n afsluiting" (Barnard 1981:330).

Calvyn het weliswaar nie alles self geskep nie. Daar was 'n hele ontwikkeling op liturgiese gebied voor Calvyn. Hy het net dit wat hy by andere aantref het, saamgevoeg en 'n spesifieke karakter daaraan gegee. Sodoende het Calvyn op sy eie besondere wyse bygedra tot die vorming van die gereformeerde erediens. Calvyn se Geneefse liturgie het self 'n hele proses van ontwikkeling en rypwording deurgegaan, wat in die erediens sy neerslag gevind het. In verband met die Geneefse Liturgie se H.O. Old tereg: *'Its development passed from one generation to another and its history was made in many cities. The churches of Basel, Strasbourg, Ulm, Neuchatel, Meaux,*

*Augsburg and Zurich all left their mark on the liturgy before it was introduced into the Church of Geneva in 1542!"* (Soos aangehaal deur Barnard 1981:330).<sup>2</sup>

As samevatting kan gesien word hoe die reformatore hulle daarop ingestel het om werklik en in die volle sin van die woord in die 'teenwoordigheid van God te wees' (praesenti a realis), dit is wat hulle vir die erediens gesoek het en dit is per definisie wat die wese van 'n erediens vir hulle was. Hulle gaan soek na die Bybel as die enigste bron om antwoorde te kry. Veral persone soos Luther, Zwingli en Calvyn het 'n groot rol gespeel in die ontwikkeling van die Gereformeerde erediens. Die betekenis van die liturgiese orde in die Gereformeerde Kerke soos dit ontwikkel het vanuit Genève oor die arbeid van Dathenus heen, het ook vir die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika groot betekenis gehad. "Die gerigtheid van die Liturgie op God (teosentriese aard), die normatiewe karakter van die Skrif, die aksentuering van die Woordverkondiging, die handhawing van die nagmaal as maaltyd, die aandeel van die gemeente deur sang en belydenis in die eie taal, die ordelike verloop van die erediens en nog veel meer, kan direk teruggelei word tot hierdie verlede" (De Klerk 1982:57).

Die orde van die diens moet immers uitdrukking gee aan die sentrale betekenis van die Skrif en juis daarom moet daar steeds gesoek word na 'n sinvolle en gepaste liturgie om aan die grondbeginsels van die Skrif'n duidelike en konkrete gestalte te gee. Die erediens is in wese die hartklop van die verhouding tussen God en gemeente. "Die erediens voed die spiritualiteit" (MU Strauss, Acta Theologica, 127).

Dit is nou wat die agtergrond en die ontwikkeling van die erediens betref. Om egter die wese van 'n erediens te verstaan moet ons fokus op wat in die erediens gebeur en of moet gebeur? Dit blyk nie so ingewikkeld te wees soos die ontstaansgeskiedenis van die erediens nie.

## **2. Wat gebeur in die erediens?**

---

<sup>2</sup> Direk oorgeneem vanuit die verhandeling van Bekker. N.T bl. 29-41. God se teenwoordigheid in die erediens. Universiteit van Pretoria; MA Graad. Prof. H.J.C. Pieterse asook Prof C.J.A Vos.

Die belangrikste moet hier eerste gesê word naamlik: dat in 'n erediens, met die samestelling van sy liturgie, is die plek waar God se volk, Sy kinders, Hom ontmoet. In hierdie unieke ontmoetingsplek heers daar 'n gewyde atmosfeer wat eie is aan die erediens en nêrens anders in die wêreld ervaar kan word nie. Die oomblik wanneer jy in die erediens instap, ervaar jy iets totaal anders as op enige ander plek. Dit is die enigste plek waar, aan die eenkant, iets van God se teenwoordigheid en misterie beleef en ervaar word, en, aan die ander kant, iets van ware vergiffenis, verlossing, genesing, liefde en inspirasie in Sy teenwoordigheid meegedeel en ondervind word.

Waarlik, 'n ontmoetingsplek van heil vir die verslae, verlore en hopelose mens. Dit is tog kardinaal dat besef moet word dat: In die erediens is dit nie die mens wat sentraal staan nie, maar die Here – en dit keer alles om. Dit gaan daarom nie oor wat vir die mens lekker of mooi is, of wat hy dink wat goed is in die eerste plek nie, maar wat die wil van die Here is; wat Hóm behaag en hoe Hy geëer kan word. Waar aan Hom die regmatige plek gegee word, kry ook die mens sy regmatige plek. God se plek en die mens se plek word natuurlik, of so reken sommige, vergestalt in die liturgie daarom dat dit juis die primêre debat in die ontwikkeling van die erediens, soos gesien in die ontwikkeling daarvan, ingeneem het. Ook word dit so verduidelik op die webtuiste van die Gereformeerde kerke van Suid Afrika onder die opskrif; Eredienste<sup>3</sup>. Dit lui as volg:

Liturgie (van die Grieks leitourgia) dui persoonlik, huislik en gemeentelik (kerklik) op wat mense doen wanneer hulle God ontmoet, na Hom luister en Hom aanbid, godsdiens beoefen en Hom verheerlik. Die begrip erediens word dikwels staties geneem, asof die "erediens" 'n program is wat begin en afgesluit word. Die dinamiese aspek van die samekoms is om in Gees en waarheid te ontmoet, te gehoorsaam en met oorgawe te luister en te aanbid. Die erediens gaan in huise en in die binnekamer van die gelowige voort, as uitvloeisel van die samekoms van die gemeente as volk van God. Die gemeente tree op 'n bepaalde manier toe, kom saam of konstitueer om God te ontmoet (Heb. 10:23; NGB, artt.27-32).

---

<sup>3</sup> <https://www.gksa.org.za/eredienste.htm>

Daarna verootmoedig hulle hulle en bely skuld, ontvang vergewing en vryspraak, bid om die verligting van die Gees (epiklese) om die Woorddiens van God te hoor, en daarna antwoord hulle op die ontmoeting in dankgebed en in voorbidding vir alle owerhede, asook smeking vir die nood van almal.

Die Skrif leer dat die samekoms van God met sy gemeente, en van die gemeente met God en met mekaar, 'n ontmoeting moet wees met liturgiese handeling wat daartoe dien dat almal God deur sy Woord en Gees (Joh. 4:23) ontmoet, aanbid, verheerlik, eer en dien. Die liturgiese gang vir die erediens bevat die volgende hoofmomente:

- Die Ontmoetingsdiens (Introïtus),
- die Verootmoedigings- en Versoeningsdiens,
- die Woorddiens en die
- Antwoorddiens (Responsoria).

Die Ontmoetingsdiens bestaan uit die volgende vier elemente: votum, groetseën, lofliedere en geloofsbelydenis. In die Ontmoetingsdiens is die funksie van die votum dat die gemeente openlik en nederig, plegtig verklaar dat die erediens 'n saamkoms van God met sy volk, en daarom van sy volk met Hom en met mekaar is. Hierdeur bely die gemeente hulle afhanklikheid van en gerigtheid op God. Die groet- en wegstuurseën word in opdrag van God en namens God self op die gemeente gelê; soos die woorde en die liggaamstaal met die hande getuig. Die loflied as liturgiese handeling van die gemeente is deel van die Ontmoetingsdiens en het die spesifieke doel om op God se groetseën te antwoord. Die geloofsbelydenis vorm deel van die Introïtus waarmee die gemeente van gelowiges hulleself as "eenheid in die ware geloof" voor God stel, mekaar versterk en teenoor die wêreld hulleself afsonder. Hiermee verklaar die gemeente sy identiteit as liggaam in een ware geloof (Joh. 4:23; HK, Sondag 21; NGB, artt.27-29).

Die Verootmoedigings- en Versoeningsdiens omvat die nederige toetrede van die gemeente in die heilige teenwoordigheid van God. Dit sluit in verootmoediging deur die aanhoor van God se eise, die skuldbelydenis van die gemeente, die vrypraak van

God en die afkondiging van die Wet as die reël van dankbaarheid vir die versoende volk van God.

Die Woorddiens omvat die gebed om die verligting van die Gees, die Selfstandige Skriflesing, die Skriflesing waaruit die prediking kom, die prediking en die sakramente. Weens die verduisterde verstand en hart van die mens en weens die Goddelike aard van die Skrif moet gebid word dat die Woorddiens waarlik opening, ontsluiting en toepassing van die Woord sal wees, en dat die gemeente die Woorddiens as Woord van God sal aanneem en dat die Woord vrug sal voortbring. Die Woord van God kom met krag omdat dit bewerk wat dit verkondig, naamlik redding van mense en bevryding van sonde en doodsmagte, tot eer, lof, dank en diens van God.

Dit is omdat die skrywers van hierdie heilige Skrifte so geïnspireer is deur die Gees dat hulle die woorde van God skryf. Wat dus tydens die Skriflesing gehoor word, is die Woord van God. Die prediking het 'n dienende funksie van oopmaak en toepas ten opsigte van die Skriflesing waaruit die prediking voortvloei en behoort so nou as moontlik daaraan verbind te word. God is aan die woord deurdat die prediking die Woord as opdrag het. Die lewende God se lewende Woord word verkondig (uitlê en toepas) en dwing tot 'n lewende, dinamiese, appellerende oordra van die prediking. Die sakramente van die doop en die nagmaal is tekens en seëls van Jesus Christus se offer aan die kruis en die vreugde daarvan om in 'n versoende verhouding met God en mekaar te lewe.

Alhoewel die gemeente deurlopend antwoord op God se spreke, kulmineer die gemeente se respons in die Antwoorddiens. Daarom is die Antwoorddiens die antwoord van die gemeente op al die voorafgaande liturgiese hoofmomente, naamlik die Ontmoetingsdiens, die Verootmoedigings- en Versoeningsdiens en die Woorddiens. God roep veral deur die Woorddiens gebed, aanbidding, dank en verootmoediging die hart van die gemeente op. Die antwoord van die gemeente op die ontmoeting met God geskied deur gebed, Christelike handreiking en sang. Die sang van die gemeente is 'n belangrike onderdeel van die Antwoorddiens, maar as



respons van die gemeente kom dit as liturgiese handeling ook in die ander hoofmomente van die liturgiese gang voor.

Sang is diensbaar aan die woorde waarmee met God in die liturgie gekommunikeer word omdat die gemeente daarin as geheel aan die woord kom. Die lied dien as't ware as Formulier om in eenheid te aanbid, smEEK, bely, prys, verheerlik en te verootmoedig. Waar sekere Psalms en Skrifberymings hulle daartoe leen, kan van wisselsang gebruik gemaak word. Die liefdegawe of Christelike handreiking vorm deel van die antwoord van dankbaarheid op die Woorddiens. Met hierdie daad betuig die gemeente sy dank aan God vir die medeling van sy genadegawes op tasbare wyse. Psalms het in die geskiedenis en moet vandag ook nog dien as gebede, belydenisse, lofprysings en voorbidding en kan in die plek kom van sekere geprate gebede.

Die "amen" aan die einde van handelinge soos die prediking, gebede en geloofsbelydenis is die gemeente se instemmende belydenis en bevestiging. Die seën van die Here aan die einde van die erediens het nie die betekenis om die slot van die samekoms aan te dui nie, maar wel die wegstuur van die gemeente om onder die seënende hand van die Here tot die aksie van diens uit te gaan.

## **2.2 Samevatting.**

Dit is duidelik dat die erediens met sy liturgie nie sommer maar filosofies ontwikkel het nie maar met die spesifieke doel om as gelowiges saam kom God te ontmoet om die wyse waarop Hy dit in die openbaring van Sy Goddelike Woord aan Sy kinders beveel het. Eenvoudig gestel: God gee self die huisreëls vir 'n gesamentlike ontmoeting van Hom met Sy volk.

### **3. Kerkorde Artikel 62 – Spoelstra.**

Wat ook onder die erediens geskied is die sakramente. Omdat dit juis die nagmaal is wat onder die loep kom in die opdrag wat aan die kerkraad gegee word is dit goed om na Spoelstra se verklarende notas te bestudeer. Artikel 62 van die kerkorde bepaal die volgende:

*Elke kerk moet die nagmaal hou op die wyse wat na sy oordeel tot die meeste stigting dien. Dit moet egter goed verstaan word dat die uitwendige seremonies wat in die Woord van God voorgeskryf is, nie verander mag word nie, dat alle bygeloof vermy moet word en dat na die preek en algemene gebede, die formulier van die Heilige Nagmaal, asook die gebed wat daarby behoort, gelees moet word.*

Spoelstra verklaar hierdie artikel as volg:

## **A. Kerkregtelik**

### **1. Middelmattige en essensiële handeling**

Die artikel vertoon ook weer duidelik invloed van Calvyn se Institusie (vgl IV hfst 10; vgl NGB 32). Vir Calvyn staan dit vas dat die kerk geen mag het om wette te maak wat gewetens bind nie. Hy beklemtoon die Evangelie as die een wet van vryheid. Die gewete het alleen met God te doen en 'n goeie gewete wil God dien soos Hy dit in sy Woord eis. Daarom het die regeerders van die kerk geen reg om die gewetens te beswaar met die bewering dat hulle deur die Here as "geestelike regeerders" aangestel is nie. God het in sy Wet die volmaakte reël gegee om reg te lewe. Niemand mag iets in die kerk met betrekking tot die seremonies of godsdienstige gebruike gebied buite die Woord van God om nie (Inst IV.10.i-ix; NGB 7). Calvyn lê nadruk op die vryheid wat die brief aan die Galate beskrywe. Elke kerk kan daarom die nagmaal hou op die wyse wat na sy oordeel tot die meeste stigting dien, solank as aan die seremonies wat in die Woord voorgeskryf is, vasgehou word (Inst IV.10.xvii; 18.xx). Daar moet goed tussen essensiële en nie-essensiële handeling in 'n nagmaalviering onderskei word.

Die essensiële dele van die diens is in die Woord geopenbaar, maar nie stuk vir stuk voorgeskryf nie. Gevolglik hang seremonies van tyd en omstandighede af. Hierdie gebruike kan as dit nodig is, verander en selfs afgeskaf of vervang word, solank die liefde ons lei (Inst IV.30.xxx). Wanneer reëlings vir die eendrag, orde en vrede ("stigting") van die kerk getref word moet suiwer gebruike nie vervals of verduister

word nie en moet net nuttige en min instellings bygebring en geen bygelowigheid aangemoedig word nie. Mense moet nie "eiesinnig" die diens van God in seremonies laat opgaan nie, maar die stigting van die kerk moet by die instel en wegdoen van seremonies die laaste woord spreek (Inst IV.10.xxxii; NGB 32).

Liturgiese "eenvormigheid" by die nagmaal is gevolglik geen beginsel nie, maar wel liturgiese eenheid en orde, innerlik gerig op Christus en die opbou van die gemeente. In die kerkregering en liturgie moet verantwoordelik onderskei word tussen essensiële en middelmatige of vormlike sake (Inst IV.10.xix). In geen omstandighede moet "sinodes" middelmatige sake ter wille van uiterlike "orde" reglementeer nie, omdat dit met die vryheid van die Evangelie bots en die plaaslike kerk in sy wesenlike verantwoordelikheid voorskryf (artt 30,84 KO).

## **2. Woord en Sakrament**

By die sakrament van die nagmaal gaan net soos by die doop (artt 56,59) die Woord aan die sakrament vooraf. Die Heilige Gees werk en versterk geloof met die Woord, terwyl die sakrament as teken en seël van die verkondigde Woord betekenis het (Heid Kat V/A S 25; Inst IV.14.xvii). "Ons glo en bely dat ons Saligmaker, Jesus Christus, die sakrament van die heilige nagmaal verorden en ingestel het om te voed en te onderhou diegene wat Hy alreeds wederbaar het en in sy huisgesin, naamlik sy Kerk, ingelyf het ... So werk Hy dan in ons alles wat Hy deur hierdie heilige tekens ons voor oë stel, alhoewel dit ons verstand te bowe gaan en vir ons onbegryplik is hoe dit gebeur, soos die werking van die Heilige Gees verborge en onbegryplik is ... Hierdie maaltyd is 'n geestelike tafel waaraan Christus Homself met al sy goedere aan ons meedeel ... Ten slotte, ons ontvang die heilige sakrament in die vergadering van die volk van God met ootmoedigheid ... en ons doen daar belydenis van ons geloof en van die Christelike godsdiens ... Kortliks, deur die gebruik van hierdie heilige sakrament word ons beweeg tot 'n vurige liefde jeens God en ons naaste. Daarom verwerp ons alle bymengsels en verwerplike vindinge wat mense by die sakramente byvoeg en daarmee vermeng het..." (NGB 35).

Woord en sakrament mag nie geskei word nie (Inst IV.14.iv; 17.xxxix). Daar moet onderskei word tussen die teken (brood en wyn) en die betekende saak (belofte). Die gelowiges word deur die wonderlike werk van die Heilige Gees met Woord en Sakrament met Christus en mekaar tot een liggaam verenig (Inst IV.ii,iii; NGB 35). Slegs die uitverkorenes, die ware gelowiges, kan die Woord van belofte in die sakrament gelowig aanneem en deel in die gemeenskap met Christus (Inst IV.14.xv).

### **3. Die Nagmaalsformulier**

Die bestaande formulier het sy finale beslag op die Sinode van Dordrecht 1618/1619 ontvang. Die ooreenkoms met die grondgedagtes van Calvyn is baie duidelik, soos byvoorbeeld die paragraaf waarin die wonderlike plekverwisseling — Hy vir ons, daarom ons vir Hom — beskrywe word. As dit reg gelees word, gryp dit die hart aan. Die formuleringe van a Lasco en Datheen is op sinodes in die 16e eeu geskaaf totdat dit in 1611 gedruk is. Die Formulier val uiteen in sewe dele: die instelling, die selfbeproeving, die doel van die nagmaal, die gebed, die bediening, die lofverheffing en die danksegging. In sy geheel het ons hier met 'n organiese juweel te doen. Tog kan dik moontlik 'n weinig verkort word deur slegs nie-noodsaaklike kwalifiserende bysinne weg te laat. Enige verdere verkorting doen af aan hierdie sentrale stuk gereformeerde prediking (vgl ooreenkoms met Calvyn Inst IV.17.xliii). Die Nagmaalviering pas dus in ná die prediking tot geloof geroep en die Formulier die tekens en betekende saak duidelik verklaar het. Die Formulier is self Woordbediening wat op die nagmaal toegespits is.

### **4. Nagmaal is maaltyd**

Die Reformasie stel die nagmaal as maaltyd skerp teenoor die Roomse Mis as offer (Heid Kat V/A 80). Die nagmaal sluit aan by die Joodse paasfees en word daarom ook as 'n gemeenskapsmaaltyd beskryf (Lk 22: 19v; 1 Kor 10: 16v; 11: 20). Die simbole of seremonie moet die eenheid met Christus as Gasheer sowel as die eenheid van die gelowiges duidelik tot uitdrukking bring. Die wese van die nagmaal lê in gemeenskap

(koinonia) opgesluit wat daarom in tafelgemeenskap tot uitdrukking kom (Kruger 1966:378v). Dit moet egter van die liefdesmaaltye (1 Kor 11: 34) onderskei word. Calvyn sou dit by elke erediens wou vier (Inst IV.17.xliv).

## **5. Uitwendige seremonies in die Woord voorgeskrewe**

Die elemente van die nagmaal is brood en wyn. Vanweë die euwels van drankmisbruik, agitاسies van afskafferbewegings en die gevare dat gerehabiliteerde alkoholiste deur gebruik van nagmaalwyn kan terugval, het sommige nagmaalwyn met druiwesap of iets dergeliks vervang. Daarmee word van die Skrif afgewyk (GKSA 1876 art 203).

Die gebruik om die brood voor nagmaalbediening in blokkies te sny, moet versigtig hanteer word. In 1586 is nadruk op die breking van brood voor die gemeente gelê (Sinode 's Gravenhage part vr 51) om weg te kom van die Roomse koekies of oblate. Brood moet duidelik genoeg voor die gemeente gebreek word. Hoewel die nagmaal met ongesuurde brode ingestel is en die NT ongesuurde brood as beeldspraak gebruik, belet die NT nie gesuurde brode by nagmaal nie. Dit gaan in die nagmaal om die teken van tafelgemeenskap en voeding.

Die nagmaalformule berus op die instellingsverhaal by Matteus (26: 26v), Markus (14: 22v), Lukas (22: 14v) en Paulus (1 Kor 10: 16) wat met "neem, eet, gedenk en glo" ingelui word om bygeloof oor die teenwoordigheid van Christus in die brood en wyn (Rome) of saam met die brood en wyn (Luther) te vermy.

## **6. Beker- of kelkie-gemeenskap**

Die instellingswoorde sluit aan by die bekergemeenskap soos dit by die Joodse paasfees gebruik was. Christus het die beker aangegee en almal beveel om daaruit te drink. Hierteen het in die twintigste eeu allerlei besware ontstaan. Mense het

aangevoer dat die gebruik onhygiënies en vir moderne lewensgevoel aanstootlik sou wees. As oplossing is aangevoer dat die eenheid- en gemeenskapsimbool in die kan waaruit wyn geskink word, opgesluit is en dat elke gelovige deur middel van 'n kelkie daaraan deel kan kry. Gepaard hiermee het die tafelgemeenskap vir nagmaalviering in die banke plek gemaak. Die GKSA het op Sinode Burgersdorp 1930 (artt 46, 184) geoordeel dat die gebruik om die "gemeenskaplike drinkbeker ... te vervang met kelkies" die merktekens van die ware kerk aantas (NGB 29) omdat Christus 'n gemeenskaplike en rondgaande beker voorgeskryf het (Mt 26: 27,28; Lk 22: 20; Mk 14: 23, 1 Kor 11: 25v) om daarmee die sin van sy eie offerande tuis te bring. Tweedens is geoordeel dat aparte kelkies in stryd is met die simboliek van die nagmaal "as geestelike gemeenskapsmaaltyd" omdat kelkies individualisme in die plek van gemeenskaplikheid simboliseer en as sodanig strydig met die eenheid en samehang van die gemeente is en liefdeloosheid onder die gelowiges bevorder. Die Sinode het die beroep op sogenaamde "wetenskaplik-gekonstateerde feite" as onbewese ter syde gestel. Die Geref. Kerk Waterkloofrand het in 1986 tot dieselfde oordeel op die spesialis, dr B C Jansen se opinie, geraak.

## **B. Kerkregering**

### **1. Redaksie van die artikel**

Die Weselse artikels beskou in 1568 die breking van brood en die instellingsvoorrede essensieel, terwyl die tipe brood en sittende of staande nagmaalviering om die ewe is (Pont 1981:87). Emden 1571 noem hierby psalmsang of Skriflesing tydens die nagmaal (Ibid: 105). In 1578 word die preek beklemtoon, terwyl die huidige redaksie in 1586 begin beslag kry.

Die gereformeerde kerke het van vroeg af "middelmatige" gebruike onderskei. Behalwe dié hierby genoem, het dit gevra of die nagmaalviering met die oog op voorbereiding en huisbesoek afgekondig moet word, of 'n spesiale voorbereidende nagmaalspreek nodig is, of openbare belydenis van geloof deur almal in die week voor nagmaal moet plaasvind, en of nabetragting of kategismus na nagmaal gepreek moet word. Meesal

moes elke kerk besluit wat tot die meeste stigting dien (Bos 1950:228-230). Hoewel op sigself 'n middelmatige saak, is gewaarsku teen kniel by die nagmaalviering omdat dit tot bygeloof en aanbidding van die brood kon lei.

In die GKSA is die nagmaal nie staande nie, maar aan tafels gevier. Uiteraard moet hierdie gebruik besonder hoë prioriteit geniet wanneer 'n gereformeerde kerkgebou beplan word. Ter wille van 'n stigtelike nagmaalviering moet so veel as moontlik mense gelyktydig aan die nagmaal kan gaan. Tydsduur moet in ag genoem word en daarom behoort die preek nie te lank te wees nie (GKSA 1927: art 88). Vroeër het preke soms 'n uur of meer geduur. Vandag raak party preke so kort en lig dat dit lyk asof Woordverkondiging vir die sakramentviering plek maak. Daar moet liefds by die formuliergebede gehou word en die Geloofsbelydenis moet net een maal gelees word (GKSA 1972: art 88). Praktiese omstandighede noodsaak dat nagmaal gewoonlik aan opeenvolgende tafels bedien word. Gebruike kan varieer. Ná elke tafelbediening kan 'n psalmvers gesing word waartydens of waarna die kommunikante na hulle sitplekke terugkeer. Volgende kan die gemeente spontaan of op uitnodiging, al na gelang die plaaslike gebruik is, weer toetree. Om op te staan en te gaan aansit aan die tafel kan seker as 'n daad van geloofsbelydenis beskou word (Inst IV.17.xxxviii). Toesprake tydens die nagmaalviering kan die verkondiging met die tekens van brood en wyn steur en moet daarom aan die tafels nagelaat word (GKSA 1955: art 262). Die vraag of die nagmaal in banke gevier kan word het voor die nasionale sinode Potchefstroom 1988 (p 556v) en die Algemene Sinode 1988 opslae gemaak. Hier lyk dit asof 'n klassis uit Sinode 1930 'n sin oor tafels in 'n besluit oor die beker oovra het en of die vrees vir voorskriftelikheid by meerdere vergaderings in stryd met art 62 afgeneem het.

Die gebruik van meer as een beker en bord met die simbool van gemeenskap en eenheid, kan nie met die gebruik van kelkies en aksent op die individuele vergelyk word nie. Verskillende tafels, elk met eie eetgerei, verongeluk nie 'n groot onthaal as een maaltyd nie.

Soms oovra mense dat die simbool van "eenheid" met die eis dat die bekere op die tafels bly, daar afgevee en vol geskink moet word. Waarom moet eetgerei voor die

gaste van Christus opgewas word? Meer as een stel bekere kan na elke tafelbediening deur die diakens geleedig, skoongemaak en weer ingebring word. Bekere moet nie so vol teruggebring word dat die bedienaar nie wyn aan die tafel kan skink nie.

Die gebruik van "voorbereidingspreke" selfs op Vrydag en Saterdag voor 'n nagmaalsbediening op Sondag, kom 'n lang pad en hang saam met spesiale nagmaalweke. Verstedeliking, makliker vervoer en veranderde omstandighede, het veroorsaak dat 'n "voorbereidingsprek" tans vrywel algemeen op die Sondag voor nagmaal gehou word.

Soms gee mense uit bygeloof te kenne dat net die nagmaalsdienste belangrik is (vgl Van der Linde 1982:210). Die beklemtoning van nagmaal met spesiale voorbereiding en nabetrugting elke drie maande, het moontlik die idee (ten kwade) gewek dat Woordverkondiging in gewone eredienste minder belangrik is. Die huisbesoek (art 16,23) dien in besonder as voorbereiding tot nagmaal en kan waar nodig ook as nabetrugting gebruik word.

#### **4. Opsionele en "voortgesette" nagmaalvierings afgewys**

Faktore soos skofwerk op Sondaie (wat self bevraagteken moet word) het daartoe gelei dat twee nagmaalvierings op dieselfde Sondag in stedelike kerke posgevat het. Die tweede nagmaalviering het tydens die tweede diens plaasgevind. Gevolglik is die liturgie meestal so aangepas dat die "nabetrugtingsprek" na die nagmaalbediening in die aand plaasgevind het. Spitsvondighede het in Nederland daartoe gelei dat die voorbereidende gedeelte van die Formulier tydens voorbereiding op die vorige Sondag gelees, die oggend nagmaal bedien, en na die tweede nagmaalviering die lofverheffing aan die beurt is. Die Formulier is by die tweede viering soms eenvoudig weggelaat.

Die nagmaalformulier moet in sy geheel by elke nagmaalviering gelees word (GKSA 1933, artt 49,54). 'n Voorstel om die praktyk van twee nagmaalvierings aan die vryheid van die plaaslike kerke oor te laat, het deur staking van stemme in die Sinode van 1964 afgespring (1964:477). In 1967 slaag 'n beswaarskrif op skriftuurlike en



kerkregtelike gronde teen 'n "opsionele tweede nagmaalviering" in dieselfde kerk (1967:165). Hierdie besluit het in werklikheid die patroon van twee nagmaalvierings afgesny (kyk ook GKSA 1970:165v).

'n Kerkraad kan seker om gegronde redes twee keer op dieselfde Sondag nagmaal bedien, maar dan moet dit ewe duidelik wees dat die hele gemeente by elke viering betrokke is. Gelowiges kan die dood van die Here "so dikwels" soos twee keer per Sondag gedenk en verkondig (kyk Calvyn Inst IV.17.xliv). Alternatiewelik kan 'n kerkraad waar omstandighede dit noodsaak, twee nagmaalbedieninge aanbied, waarin die tweede uitsluitend geskied ten behoeve van diegene wat by die eerste verhinder was. Dit mag nie met die gemeenskaplike tweede erediens verwar word nie. Elke erediens vorm 'n afgeslote byeenkoms van die hele gemeente wat nie in 'n volgende voortgesit kan word nie (Rutgers. 1906:124v, Van der Linde 1982:21 1 ; Art 64 KO).